SA HUNTERS AND GAME CONSERVATION ASSOCIATION

**TARENTAAL-HAELGEWEERSKIETOEFENING**

Die Tarrentaaloefening moet verkieslik met haelgewere wat twee skote na mekaar kan afvuur, voltooi word, waar 'n enkelskoot haelgeweer gebruik word, vergewis die skut homself daarvan dat hy/sy beperk word tot die enkele skoot en onder geen omstandighede toegelaat sal word om te herlaai in 'n poging om die klei wat gemis is of die 2de van die dubbelkleie te probeer skiet nie. Dus aanvaar die skut, wat 'n enkelskoot haelgeweer gebruik, dat hy/sy slegs een skoot per klei mag skiet en outomaties die tweede klei op dubbelkleie sal verbeur.

Hierdie oefening kan slegs op Baan 1 voltooi word.

**1 Kleiwerpers (tegnies)**

Die **Tarentaaloefening** word voltooi met 5 of 6 werpers wat 25 kleie gooi (werper 6 = haas).

a. Handwerpers, semi-outomatiese en of outomatiese kleiwerpers mag gebruik word.

b. Kleiwerpers word kloksgewys as nommer 1, 2, 3, 4 en 5 of 6 genommer, en die posisie van die werper word met 'n bord, 30cm x 30cm waarop die nommer aangebring is, aangedui; so geplaas dat skuts duidelik kan sien waar die werper staan vanwaar die klei gegooi word.

c. Werpers word per hand of elektronies geaktiveer wanneer die skut roep, "pull" (trek / gooi).

d. 'n Klei moet binne 4 sekondes na 'n skut se roep gegooi word.

**2 Werpers (posisionering)**

Kleie met aangeduide trajekte word vanaf die volgende werpers gegooi (sien diagram hieronder):

Werper 1: 2m links van skietpunt 1, in lyn met die ander skietpunte, wat 'n klei gooi wat die klei-oorvlugarea met 'n trajek nie laer as 2m van die grond af en presies 30m direk voor skietpunt 3 kruis.

Werper 2: ten minste 5m links van sykant AB van die kleioorvlugarea, en 10m in vanaf hoek B op die sykant AB van die kleioorvlugarea, met 'n trajek nie laer as 2m en wat sykant CD in 'n reguit lyn vanaf die werper kruis.

Werper 3: ten minste 5m agter sykant AD **of** BC van die kleioorvlugarea, direk in lyn met skietpunt 3; 'n klei wat in 'n reguit lyn as 'n inkomende of 'n "going away" klei gegooi word, nie laer as 2m van die grond af nie (werper 3 kan tussen skietpunt 3 en 4 geplaas word).

Werper 4: ten minste 5m links van sykant CD van die kleioorvlugarea, en 10m in vanaf hoek D op die sykant CD van die kleioorvlugarea, met 'n trajek nie laer as 2m en wat sykant AB in 'n reguit lyn vanaf die werper kruis.

Werper 5: 2m regs van skietpunt 5, in lyn met die ander skietpunte, wat 'n klei gooi wat die klei-oorvlugarea met 'n trajek nie laer as 2m van die grond af en presies 30m direk voor skietpunt 3 kruis.

Werper 6 (haas): ten minste 2m links van sykant AB of regs van sylyn DC van die kleioorvlugarea, en 8m in vanaf hoek B of D met 'n trajek op die grond, loodreg na die oorkantste sylyn van die klei-oorvlugarea

Indien 'n tak gereeld gebruik maak van 'n baan met permanent uitgelegde Compak-bane, kan 'n versoek, vergesel van 'n gedetailleerde diagram van die betrokke baan aan die skietkomitee voorgelê word vir goedkeuring vir gebruik as 'n alternatiewe baan vir hierdie oefening.

## 3 Kleie (Teikens)

Die 25 kleie vir die Tarentaaloefening word as 3 enkel kleie by elke skietpunt gegooi, gevolg deur 'n dubbel klei (op slag) in die volgende volgorde:

| **Skietpunt:** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Klei:** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Klei:** | 2 | 3 | 4 | 5 | 1 |
| **Klei:** | 3 | 4 | 5 | 1 | 2 |
| **Klei**: | 1 o/r 2 | 2 o/r 3 | 3 o/r 4 | 4 o/r 5 | 5 o/r 1 |

o/r = "on report"

Een werper moet opgestel wees om midis te gooi.

'n Maksimum van een werper kan opgestel word om hase te gooi, dit sal dan werper 6 genoem word en vervang dan werper 2 of 4.

## 4 Skietorde

Skuts het twee skote per klei behalwe by die dubbelkleie waar skuts net een skoot per klei het.

'n Skietoefening begin altyd by stasie 1 waar die skut die eerste skoot skiet gevolg deur die eerste skoot van die skut op stasie 2 en so aan totdat al vyf skuts elk een skoot op hulle eerste klei gevuur het. Daarna begin die skut op stasie 1 met die skoot op die tweede klei gevolg deur die skut op stasie 2 en so aan totdat al vyf skuts agtereenvolgens alle skote per stasie gevuur het.

Skuts mag slegs op bevel van die Baanoffisier (breek en ruil) na die volgende skietpunt aan hulle regterkant beweeg, nadat al vyf skuts alle skote per skietpunt gevuur het (skietpunt 5 beweeg na skietpunt 1).

Elke gebreekte klei tel 1 punt. Die oefening word uit 25 punte getel.

**<u>Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees met geen patrone in die kamers nie.</u>**

**Posisionering van Kleiwerpers in die Tarentaaloefening**
**Position of Traps for the Guineafowl Exercise**